

REEKS: Stories op die pad

TEMA: Die drie slawe en die goue muntstukke

“Verder is God se koningsheerskappy soos iemand wat op reis wou gaan. Hy roep toe sy slawe bymekaar en vertrou sy geld aan hulle toe om daarmee te woeker terwyl hy weg is. Vir die eerste slaaf het hy vyf kosbare goue muntstukke gegee, vir die tweede slaaf twee, en vir die derde slaaf een – vir elkeen volgens sy spesifieke bekwaamheid – en toe het hy vertrek. Dadelik het die een wat die vyf goue muntstukke ontvang het, daarmee aan die werk gespring en dit spoedig verdubbel. Net so het die een wat twee goue muntstukke ontvang het, ook sy geld verdubbel. Maar die een wat net een goue muntstuk ontvang het, het ’n gat in die grond gaan grawe en sy eienaar se geld daarin weggesteek. “Na ’n lang tyd het daardie slawe se eienaar van sy reis teruggekeer en hulle gevra om te rapporteer wat hulle met sy geld gedoen het.”

Matteus 25:14-19 (NLV)

ALLES BEHOORT AAN DIE EIENAAR

“Hy roep toe sy slawe bymekaar en vertrou sy geld aan hulle toe ...”

Matteus 25:14b (NLV)

“Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf.”

Deuteronomium 8:17-18b (AFR83)

STEWARD – “*One that looks after his master’s affairs while he is gone.*”

ELKEEN ONTVANG ALHOEWEL VERSKILLEND

“Aan elkeen afsonderlik word ’n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik ’n gawe uitdeel soos Hy wil.”

1 Korintiërs 12:7&11 (AFR83)

DIE EIENAAR EIS VAN ELKEEN VERANTWOORDING

“Na ’n lang tyd het daardie slawe se eienaar van sy reis teruggekeer en hulle gevra om te rapporteer wat hulle met sy geld gedoen het.”

Matteus 25:19 (NLV)

“Aan hulle wat dit wat aan hulle toevertrou is goed gebruik, sal nog meer gegee word. Ja, hulle sal oorvloed hê. Maar van hulle wat niks kan wys nie, sal selfs die bietjie wat hulle het, ook nog weggeneem word.”

Matteus 25:29 (NLV)

Besef dat jy iets ontvang het, baie of minder, maar dat jy dit moet gebruik in God se werk hier op aarde.